# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/15)*

justchad_cga

*Justin Chadwick (15 Mei 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "A recent Castrol global survey has placed Jakarta as the most congested city in the world" Jakarta Post***

## THAILAND

'n Mens sal nooit glo dat Thailand onder militêre bewind is nie – daar is geen teken van die weermag of polisie in Bangkok nie en die lewe gaan soos gewoonlik aan. Die enigste teken van 'n politieke onstabiliteit is die stadige tempo van regulatoriese verandering – en veral die veranderinge wat nodig is om weer toegang aan Suid-Afrikaanse tafeldruiwe na die Thai mark te verleen. Met die entoesiastiese leierskap van Ambassadeur Marks en die volgehoue deursettingsvermoë van haar personeel sal die proses voortgaan – hopelik met 'n gunstige uitkoms in die nabye toekoms.


Vanuit 'n sitrus perspektief – die produk is in Thailand beskikbaar maar nie in groot volumes nie. Daar is nog baie werk wat gedoen moet word alvorens Thailand (en ander Asiese markte) hul volle potensiaal sal bereik. En aan beide kant is daar nog lesse wat geleer moet word. Daar is min kennis oor Suid-Afrika en ons vermoë om uitstekende gehalte te verbou asook die gepaardgaande gerusstelling omtrent voedselveiligheid, etiese verbouing en omgewingsbewustheid. Die wye reeks van Suid-Afrikaanse vrugteprodukte moet in hierdie markte bevorder word. Soortgelyk moet die Suid-Afrikaanse produsent en die rolspelers in die waardeketting die Asiese mark beter verstaan – party lesse wat geleer is deur voorsiening aan tradisionele Suid-Afrikaanse markte sal werk in Asië terwyl dit vir ander nie van pas sal wees nie. Ons sal moet aanpas by die markte se behoeftes en ons aanbiedeninge daarvolgens aanpas.

## INDONESIË

Die afstand van ons hotel na die Jakarta lughawe was 35 km – en dit het ons twee ure geneem. Dit sou aansienlik langer geneem het maar ons taxi-bestuurder was 'n McLaren toetsbestuurder. Ons het in die noodbaan gejaag tot waar die drie bane saamgevloei het, twee keer het ons agter 'n VIP kavalkade ingeval en met ligte aan en die toeter wat blêr het ons deur die verkeer vleg met polisie begeleiding op 'n motorfiets (sirene en blou ligte wat flikker) en uiteindelik het hy sy toevlug tot die grasgedeelte langs die pad geneem om ons daar te kry. Ek het hom nie eenkeer gesê dat ons laat is nie (ons was glad nie laat nie) – maar hy het gevoel dit is sy verantwoordelikheid om ons vinnig daar te kry. Wat fassinerend is, is hoe baie van die enterpreneurs hul besighede ontwikkel het – omtrent 10 km voor die lughawe is daar honderde motorfietse en bromponies langs die snelweg met die bestuurders wat die verkeer reguleer; vir 'n klein bedraggie neem hul die passasiers van die motors na die lughawe (bagasie en al) – so ek neem aan dat as jy laat is, is 'n vinnige rit met 20kg op jou skoot 'n goeie keuse.

Genoeg eers oor Trip Advisor. Die rede vir die besoek aan Indonesië was om te bepaal tot watter fase die proses van "Mutual Country Recognition (MCR)" gevorder het; die stand van sake vir permitte vir uitvoere na Indonesië en om met die Ambassadeur en ander personeel van die Suid-Afrikaanse ambassade te vergader.

Die besoek deur die Suid-Afrikaanse Adjunk President (Cyril Ramaphosa) wat deur DAFF beamptes vergesel is, het die weg gebaan vir besprekings rakende die MCR. Daar is begroot vir die MCR besoek en moontlike datums in Julie 2015 is onder bespreking. Sou die MCR besoek suksesvol wees, sal dit die weg baan vir hernude gebruik van die Jakarta hawe en erkenning van die Suid-Afrikaanse voedselveiligheidsisteme – dit sal van die sertifiserings- en administratiewe vereistes verminder. Met betrekking tot permitte – Indonesiese invoerders het tyd tot en met 20 Mei 2015 om aansoeke vir invoere vir die tweede semester van 2015 (Julie tot Desember) in te dien. Uitvoerders wat tot 'n program met 'n Indonesiese invoerder verbind is moet dit nakom – sou 'n invoerder nie 80% of meer van hul allokasie behaal nie, gaan hul permitte vir die volgende semesters verloor. Invoerders moet die land van oorsprong van die produk duidelik aandui, die verskaffer se besonderhede (insluitend die GAP sertifisering), die hoeveelheid en tipe produk - daarbenewens moet die invoerder ook oor genoegsame infrastruktuur beskik om die produk te ontvang, te stoor en af te lewer om te verseker dat dit in 'n goeie toestand en veilig vir menslike gebruik sal bly. Die grafiek hieronder toon die volume van sitrusuitvoere (ton) wat oor die afgelope 5 jaar na Indonesië uitgevoer is.




Die Fruit South Africa afvaardiging wil graag vir Ambassadeur Sifuba en sy personeel vir hul tyd aan die vrugtebedryf se sake bedank – veral vir Willem Geerlings wat onvermoeid voortgegaan het om op te volg oor die Indonesiese besoek aan Suid-Afrika en ander vrugte aangeleenthede.

## GEPAK EN VERSKEEP

Beide die Sagte Sitrus (14/5) en Pomelo (13/5) Fokusgroepe het hul vergaderings hierdie afgelope week gehou – en beide het hul finale volumes wat vir 2015 voorspel is, verminder; pomelo's met 'n beduidende 6%.

| Tot einde Week 19 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 6.4 m | 5.5 m | 5.2 m | 3.4 m | 2.6 m | 15.3 m | 14.4 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 2.4 m | 2.4 m | 2.6 m | 2 m | 2 m | 10 m | 9.9 m | 10 m |
| Suurlemoene | 3.6 m | 3.5 m | 4.2 m | 2.6 m | 2.8 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 1.3 m | 0.9 m | 1 m | 0.2 m | 0.3 m | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 13.8 m | 12.4 m | 13 m | 8.6 m | 7.7 m | 113.1 m | 112.1 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**